

FRANCIS VAN WYK

Afgetrede Bibliotekaris, Laingsburg

*Know you what it is to be a
child.....?*

*It is to believe in love, to believe in
loveliness, believe in believe,*

*It is to be so little that elves can reach
to whisper in your ear,*

*It is to turn pumpkins into coaches and
mice into horses, lowliness*

*Into loftiness and nothing into every-
thing for each child has its fairy
godmother*

In its own soul.....

(Percy Bysshe Shelley)

Dink ons vandag nog so? Ons wat vandag so in en saam met die tegnologie lewe, leer ons ons kinders om te luister deur vir hulle voor te lees, of bêre ons dit vir ouma se kuier? Na bykans 24 jaar in die openbare biblioteek kan ek nie genoeg beklemtoon hoe waardevol en belangrik dit is om lees by kinders te bevorder en dan daardeur die ouer ook te wen nie.

Deur goeie verhoudinge met leerkragte van die skool op te bou, word dit duidelik hoe die skole sukkel met fondse om boeke aan te koop vir hulle biblioteke, wat nog vir aanvullende lees? Dit was juis by die aanvullende lees waar ek die gaping gesien het vir uitbreidingswerk, deur bloklennings aan die klasse te bied, veral in die grondslagfase. Die bloklenningsboeke by die skole word elke kwartaal gekontroleer en met lang vakansies teruggeneem, skoongemaak en nagegaan. Hulle is meestal in 'n baie goeie toestand, omdat die kinders tydens die klasgebruik ook geleer word om dit skoon en netjies te hou. In 21 jaar het daar nog net twee boeke weggeraak.

Die reekse wat beskikbaar gestel is, is *Sterstories*, *Rimpelstorie*, die *Oxford* - en *Ladybird* reekse, wat ook verder as grondslagfase gaan, soos die volgende brief, ontvang van Marie Swanepoel (onderwyser), getuig:

'Ek is sedert 1983 voltyds by Hoërskool Laingsburg en onderrig in die grondslagfase. Van meet af aan het alle onderrigpersoneel stewige bande met die plaaslike biblioteek gesmee. Fondse om boeke vir 'n

verhoudinge met SKOLE

skoolbiblioteek aan te koop was maar altyd min en ons het die plaaslike biblioteek ten volle benut. Gelukkig was die huidige bibliotekaris ook heeltemal vertrouwd met skole en hulle begrotings!

'Saam het ons een passie gehad: jy kan 'n wêreld oopmaak met lees en boeke. As 'n kind nie kleintyd 'n stewige vriendskap met boeke sluit nie, kan jy vergeet om hom/haar op 'n later stadium aan die lees te kry.

'Veranderings in die onderwys by wyse van beplanning van lesse, uitwerk van take, ensovoorts, het ons weer eens laat besef hoe belangrik samewerking is. Ons het meer boeke vir langer tydperke nodig gehad. Vandaar die ontstaan van bloklennings vir gebruik oor 'n langer tydperk.

'Die samewerking van die streekkantoor op Beaufort-Wes was puik en verdien spesiale vermelding. Ek maak ook gereeld busbesoeke mee. Ek het my saak gestel en hulle het sover moontlik nog altyd op die versoeke gereageer en uiteindelik kan alle lesers daarby baat!

Belangrike wenke

Ondervinding het geleer dat die volgende wenke help om goeie verhoudings te bewerkstellig.

- **Bemark die biblioteek by skole en leerkragte**

Bemark die biblioteek soos enige besondere plek wat 'n vereiste is om te besoek, vertel van en doen moeite met uitstallings, nooi die publiek om deel te neem of om in die biblioteek uit te stal.

Wees altyd geduldig ('the customer is always right') en dan tel jy nog tot tien - die beginsel werk. Luister na wat gebruikers sê.

- **Besoek skole**

Besoek skole persoonlik en leer die persoon wat verantwoordelik is vir die biblioteek en ook ander personeellede ken. Vind

uit wat hulle behoeftes en leemtes is. Wees behulpsaam met bloklennings en bevorder die gebruik van die groot verskeidenheid studiegidse beskikbaar. 'Ontwikkel' die opvoeders.

- **Besoek die skoolbiblioteek**

Besoek die skoolbiblioteek saam met die onderwyser in beheer en bespreek tot watter mate die openbare biblioteek kan aanvul en hulp verskaf. Daar bestaan 'n groot agterstand in boekopvoeding - en bied gerus die dienste van die biblioteekpersoneel aan of stel voor om opleiding vir betrokke opvoeders aan te bied.

- **Wen die kind deur kompetisies - die ouer volg**

Die kinders se belangstelling word altyd deur een of ander vorm van kompetisie geprikkel. Ek het gereeld tydens Biblioteekweek kompetisies vir klasse by die skool aangebied. Reël vroegtydig met opvoeders vir 'n inkleur-, blokraai- of selfs 'n eie boekmaakkompetisie (met tekeninge en teks) om deel te vorm van die voorgeskrewe stelselwerk of praktiese werk wat die kurrikulum vereis - dit is 'n baie bevredigende vorm van uitbreidingswerk. Met die uitstal van die resultate in die biblioteek word die ouers, ooms en tannies dikwels by die hand geneem om die prestasies te beskou.

- **Bied storiemiddae aan**

Storiemiddae is ook 'n groot inspuiting vir oud en jonk om self te wil lees, want menige ouer wat sit en wag terwyl daar voorgelees word, kan vra om self die boek uit te neem.

Om alles in die regte lig te plaas, sou ek sê dat as jy jou liefde en respek vir boeke aan jou leser met 'n blymoedige hulpvaardigheid kan bedien, sal dit baie ure se plesier en bevrediging aan enige bibliotekaris verskaf.